# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby -familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 369· 28 MAART 2025**

Kontakbesonderhede: bemarking@framesby.co.za

# PUIK AKADEMIESE UITSLAE

**77% (63/82) vakke het 'n gemiddeld van 60% en meer.**

# 0.16 DOGTERSHOKKIE VAAR PUIK BY TOERNOOI!

| | Pearsonfees | |
|---|---|---|
| | 1-2 Clarendon Girls | Verloor |
| | 3-0 Brandwag | Wen |
| | 3-0 Volkskool | Wen |
| | 1-0 Collegiate | Wen |
| Semi Finaal | 0-1 Clarendon Girls | Verloor |
| 3 & 4 | 0-1 Hudson | Verloor |
| | Eindig 4de | ` |



## A-AFDELING

## FINALE POSISIES

| | |
|---|---|
| 1ste | PEARSON |
| 2de | CLARENDON |
| 3de | HUDSON PARK |
| 4de | FRAMESBY |
| 5de | COLLEGIATE |
| 6de | WOODRIDGE |
| 7de | SOMERSET COLLEGE |
| 8ste | KINGSWOOD |
| 9de | VOLKSKOOL |
| 10de | VICTORIA GIRLS |
| 11de | WESTERING |
| 12de | VICTORIA PARK |
| 13de | INVITATIONAL |
| 14de | ALEX |
| 15de | NICO MALAN |
| 16de | BRANDWAG |

**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR: SUNRIDGE VILLAGE**


**ERNST KRUGER**
81,7%


**EMMA LAMPRECHT**
81,1%


**NINA LATHAM**
83,1%


**ROMY MEURS**
83,9%


**NATHAN NORRIS**
83%


**KIAN OLIVIER**
82,4%


**LEA OOSTHUIZEN**
83,1%


**LIANAE PETZER**
81,2%


**NIANÉ POTGIETER**
81,3%


**STÉAN RAUBENHEIMER**
80,4%


**GJ ROELOFSE**
82,3%


**CHANEL SCHOULTZ**
81,9%


**CHLOE SCHOULTZ**
80,4%


**MARCUS SCOTT**
82,2%


**MAKAYLA TERBLANCHE**
82,9%


**JANA V RENSBURG**
80,7%


**HANRÉ VERMAAK**
81,7%


**RUAN VD SPUY**
**82,7%**


**WIAN VAN ROOYEN**
**80,4%**


**HENDRÉ VIVIERS**
**81,6%**


**LUKA WEBER**
**80,4%**


**KIAN WELGEMOED**
**81%**



ENRICO MEYER
82,9%



KAYDEN MYBURGH
82,3%



CONNOR NEL
83,1%



STEPHAN RÖTH
80%




BEA-NÉ SCHOEMAN
82,3%



MINÉ STROEBEL
80,6%



MILAN TERBLANCHE
81,3%



SIMONE TOBIAS
81%



KEISHA LILLY
VAN NIEKERK 80,4%



HANRIKO
VAN WYNGAARDT
82,4%



JOHN-LOUIS VOSLOO
80,6%



IWANO WAGENER
81,9%

# FRAMESBY-ATLETE NA ASA-JUNIOR ATLETIEKKAMPIOENSKAPPE

Ons wil aan die volgende atlete sterkte toewens wat in die OP-Atletiek span opgeneem is wat van 27-30 Maart 2025 in Kaapstad aan die ASA-junior Atletiekkampioenskappe gaan deelneem:

- Dallian Oerson
- Dieter Voigt
- Bjorn Visser
- Kayden Thoresson
- Zandre Smith
- Zack Slabbert
- Matthys Potgieter
- Guerra Ntuli
- Lincoln Kunneke
- Stefan Boshoff
- Liam Smit
- Meke de Vries
- Minke vd Merwe
- Chante Strydom
- Tiané Slabbert
- Kylie Klaasen
- Kayla du Preez
- Juané Deysel
- Anel Conradie
- Simonne von Mansberg
- Wieneke Voigt
- Micaela Potgieter
- Desré Marx
- Karli Louw
- Tamlyn Heyman

Meneer De Lange is ook aangewys as OP-Afrigter wat saam met die span na Kaapstad sal toer. Mag julle veilig reis en die byeenkoms jul stoutste verwagtinge oortref.




SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# HOKKIE UITSLAE



| Span | Framesby | Greg Beling Fees | W/V/G |
|---|---|---|---|
| | 1ste Dogters | 0-3 Stirling | Verloor |
| | | 0-2 Duineveld | Verloor |
| | | 0-3 Merrifield | Verloor |
| | | 0-2 Jim Fouche | Verloor |
| | | Tony Godding Fees | |
| | 1ste Seuns | 2-1 Duineveld | Wen |
| | | 1-2 Cambridge | Verloor |
| | | 1-1 Witteberg | Gelyk |
| | | 1-2 Sasolburg | Verloor |
| | | **Pearson o.16 Fees** | |
| | 16b Dogters | 0-2 CollegiateB | Verloor |
| | | 1-2 Kingswood B | Verloor |
| | | 1-0 Hudson B | Wen |
| | | 0-3 Pearson C | Verloor |
| | | 1-1 Brandwag B | Gelyk |
| | | 0-3 Clarendon Girls B | Verloor |
| | | 0-1 Kingswood B | Verloor |
| | | 2-0 Nico Malan | Wen |
| | | Eindig 7de | |

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# BAIE*dankie*

Ons wil graag dr. Albert Nelmapius opreg bedank vir die betekenisvolle skenking van vier skaakklokke aan ons skool. Dit is vir ons besonder spesiaal om dit van 'n oudskolier wat self deel van die skool se 1ste skaakspan was, te ontvang. U bydrae sal 'n groot verskil maak vir ons skaakspelers, wat nou die geleentheid het om beter voor te berei.

Dit is wonderlik om te sien hoe oudleerders steeds betrokke bly en die volgende generasie ondersteun. Baie dankie vir u ruimhartige skenking.



# SKAAK*uitslae*

Ruan Grigor, 'n graad 11-leerder en Framesby se nommer een skaakspeler, is uitgenooi na die SAJCCC 2025. Dis 'n geslote toernooi, wat beteken dat slegs spelers wat genooi is, mag deelneem.
Suid-Afrikaanse Junior Geslote Skaakkampioenskap 2025 (SAJCCC 2025), vind vanaf 31 Maart tot 5 April by Hoërskool Hottentots Holland, in Somerset-Wes, Wes-Kaap, plaas.

Dit is een van die mees gesogte skaaktoernooie in die land waar hy met die land se TOP JUNIOR SPELERS gaan meeding.

Dit bied vir Ruan 'n geleentheid om Suid-Afrikaanse kleure te verwerf en 'n moontlikheid om aan die internasionale skaakkampioenskappe soos die World Youth & African Youth te gaan deelneem. Hy gaan nege intense rondtes speel, wat die talent van Suid-Afrikaanse skaak ten toon stel.

Ons wens Ruan alle voorspoed toe.






SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7




| SPAN | HOËRSKOOL FRAMESBY | SAC | W/V/G |
|---|---|---|---|
| O.14A | 63 | 0 | Wen |
| O.14B | 66 | 0 | Wen |
| O.15A | 13 | 22 | Verloor |
| O.15B | 22 | 3 | Wen |
| O.16A | 21 | 5 | Wen |
| O.16B | 10 | 17 | Verloor |
| O.16C | 0 | 27 | Verloor |
| O.19D | 22 | 12 | Wen |
| O.19C | 17 | 34 | Verloor |
| O.19B | 20 | 38 | Verloor |
| O.19A | 17 | 46 | Verloor |

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# HOKKIE

Baie geluk aan Liandi Jonker met haar indrukwekkende 50 wedstryde vir die eerste hokkiespan!




# FRAMESBY-ATLETE NA SA SKOLE ATLETIEK KAMPIOENSKAPPE

Ons wil sterkte sê vir die volgende atlete wat in die Oos-Kaap Skolespan opgeneem is wat van 02-05 April 2025 in Bloemfontein aan die SA Skole Kampioenskappe sal deelneem:

- Tamlyn Heyman
- Deseré Marx
- Lincoln Kunneke
- Wieneke Voigt
- Micaela Potgieter
- Kayden Thoresson
- Zack Slabbert
- Tiané Slabbert
- Liam Smit
- Dieter Voigt

# KULTUUR

Op 21 en 22 Maart 2025 het ons die voorreg gehad om die Procenium Oos-Kaapse Dramakompetisie-uitdunne in die Kultuursaal te hou. Herman van der Westhuizen en Gillian Mitchell was beoordelaars en me. C. Potgieter, me. I Adendorff en me. Coetzer was die organiseerders. Daar was tussen die twee dae 47 leerders van verskillende skole wat die beoordelaars kom vermaak het met hul dramastukke. Die leerders wat gekies word, sal 4 April bekendgemaak word en gaan dan vir die volgende rondte in die Kaap deelneem.





SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ek plaas die volgende van Benescke Janse van Rensburg:

WIE IS HY VIR JOU?
Die Here is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom in opregtheid aanroep. [Psalm 145:18, 1983 vertaling].

Ons persepsie van wie God is, word baie keer deur ons aardse pa gevorm. As hy liefdevol en teenwoordig was, glo ons maklik dat God dieselfde is. Aan die ander kant, as ons pa uitermatig krities was of totaal afwesig, word dit moeilik om te glo dat God ons aanvaar vir wie ons is en dat Hy ons nooit sal verlaat of in die steek sal laat nie.
Soms word ons persepsie oor God bepaal deur iemand anders se openbaring of persepsie – eerder as dat ons Hom leer ken vir wie Hy regtig is.

Die Grammy-wenner, Israel Houghton skryf in sy lied, Wrong About You, dat hy 'n nuwe kant van God ontdek het. Hier is 'n uittreksel van die lirieke:

I used to believe so many stories
That You wouldn't like me if You knew me
That I had to strive to see Your glory
I was taught to believe that You were distant
That You tracked me down if I had missed it
That grace wasn't free I had to earn it

But I'm unlearning
And I'm so glad I was wrong about You
Now I know the truth

In Psalm 145 vers 18 lees ons: "Die Here is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom in opregtheid aanroep."

Wanneer ons God nie meer as 'n God daar ver sien nie, maar as naby, kommunikeer ons anders met Hom. Ons beleef sy liefde meer intens en ons het meer ontsag vir Hom. Wanneer ons Hom werklik ken, word dit makliker om, soos Petrus, die boot te verlaat en op die water na Hom te stap.

Wat is jou persepsie van God? Het jy Hom al vir jouself ontdek?
Ek lig die volgende belangrike punte uit:

A) KWARTAALVERSLAE VAN DIE EERSTE KWARTAAL
Wanneer u die kwartaalverslag ontvang, moet u asseblief as volg te werk gaan:
- Werk die verslag deeglik sáám met u kind deur.
- Beplan u dagboek so dat u ons oueraande kan bywoon. Hier kan u met die vakonderwysers gesels om hulp te kry.

Oueraande: Graad 8/9 — Dinsdag 8 April 2025 [18:00 – 20:00]
Graad 10/11/12 — Woensdag 9 April 2025 [18:00 – 20:00]

Die oueraande is in die saal. Dit is in belang van u kind dat ons mekaar ondersteun om ook die akademiese vordering te verbeter.

Ons wil ‘n beroep doen dat ouers waar leerders probleme ondervind, die oueraande sal bywoon.

B) AKADEMIESE VERPLIGTINGE VAN LEERDERS
Daar is leerders wat nie hul akademiese verpligtinge nakom nie. Ons doen ‘n beroep op u om met u kind(ers) ‘n opvoedkundige gesprek hieroor te hê.

Elke leerder moet by daaglikse studietye hou en elke dag hul huiswerk volledig tuis afhandel. Ons vra u ondersteuning in hierdie verband. Waar leerders op sporttoere gaan, is hulself verantwoordelik om hul werk in te haal. Die Wolkskool kan as ‘n handige hulpmiddel gebruik word.

C) SLAAGVEREISTES
Bestudeer asseblief die onderstaande slaagvereistes deeglik.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Grade 10 – 12
40% vir Huistaal
40% vir twee ander vakke
30% vir drie ander vakke

Grade 8 - 9
50% vir Huistaal
40% vir Eerste Addisionele Taal
40% vir Wiskunde
40% in nog 3 ander vakke
30% in 2 ander vakke

D) KWARTAALPROGRAM
Aangeheg die tweede kwartaal se kwartaalprogram.

E) FAKKELFLITS
Ek moedig u aan om die Fakkelflits deeglik te bestudeer. Hier hou ons u op hoogte van alle gebeure en prestasies. Dit is op Framesby se Facebook-blad beskikbaar.

F) ALGEMEEN – MAART-TOETSREEKS
Leerders het nou reeds kwartaal 1 se assesserings voltooi. Leerders wat afwesig was, met 'n doktersbrief, gedurende die toetsreeks ontvang 'n (-1) omrede geen verwerking van punte nou gedoen kan word nie. Sodra 'n soortgelyke toets deur leerders afgelê word, in 'n volgende kwartaal, sal die punte vir kwartaal 1 aangepas word.

Leerders wat hul punte, wat in die Maart-toetsreeks behaal is, wil handhaaf, sal elke dag hard moet werk en deeglik vir die volgende eksamen moet voorberei as gevolg van die hoeveelheid werk wat heelwat meer is.

Elke leerder se uitslae word deur hul eie selfdissipline, toegewydheid en ingesteldheid ten opsigte van hul akademie bepaal.

Ongelukkig was nie alle leerders pligsgetrou met hul take se inhandiging nie. Leerders ontvang dus 'n "0" vir daardie afdeling. Leerders is steeds verplig om sulke take sodra hul terug is by die skool in te haal. Hierdie take word dan in skooltyd voltooi.

Ongereelde skoolbywoning maak dat leerders met hul werk agter raak. Leerders mis ook die geleentheid om hul assesserings in klastyd te voltooi. Ongelukkig help 'n mediese sertifikaat nie vir take, projekte, mondelinge, ensovoorts nie. Leerders moet tot aan die einde van elke kwartaal pligsgetrou skool bywoon.

G) WOLKSKOOL
Leerders met agterstande of leerders wat afwesig was, kan die Wolkskool-video's gebruik om in te haal of werk vas te lê. Dit bly belangrik dat leerders hierdie platform gebruik om hul akademie tuis te verbeter.

H) DINSDAG, 8 APRIL 2025
Hoërskool Framesby heropen op Dinsdag, 8 April 2025 om 07:30 vir alle leerlinge.

I) SBA-ASSESSERINGS
Aangeheg is die assesseringsprogram vir kwartaal 2.

J) HOKKIEVERGADERING - OUERS
Alle hokkieouers word uitgenooi na 'n vergadering op 14 April 2025 in Die Kosblik. U teenwoordigheid is van uiterste belang.

K) VAKVERANDERINGS GRAAD 10/11
GRAAD 10'S

Leerders mag 'n maksimum van 2 veranderings tot aan die einde van kwartaal 2 maak. Veranderings aan die einde van kwartaal 1 sal oorweeg word mits dit in die beste belang van die leerder is. Kontak die graadhoof by: moniquesnyders.hsf@gmail.com

Enige aansoek om verandering sal op meriete geskied en in die beste belang van die leerder toegelaat word. Die hele proses word deur die graadhoof, akademiese hoof en die skoolhoof hanteer. Beskikbaarheid van spasie in praktiese vakke word deur die grootte van die huidige groepe bepaal. Sien ook die verwysing na vakveranderings soos in die Jaarbeplanner vervat.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

GRAAD 11'S
Vakveranderings het reeds gesluit. Leerders kan slegs aan die einde van die jaar een vak verander.

L) GRAAD 12-PRESTASIE/EERSTE KWARTAAL
Ons graad-12 groep bestaan uit 216 leerders.

| | Aantal leerders |
|---|---|
| 80% - 99,99% | 39 |
| 70% - 79,99% | 59 |
| 60% - 69,99% | 64 |
| 50% - 59,99% | 41 |
| Gemiddelde % per leerder | 70 |

Uit die twintig vakke wat ons aanbied, het een van hierdie vakke 'n 80%-gemiddeld en hoër. Die vak is:
Lewensoriëntering

Uit die twintig vakke wat ons aanbied, het ses van hierdie vakke 'n 70%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Engels Huistaal
Geskiedenis
Wiskunde
Rekenaartoepassingstegnologie
Inligtingstegnologie
Toerisme

Uit die twintig vakke wat ons aanbied, het elf van hierdie vakke 'n 60%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Afrikaans Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Dramatiese Kunste
Wiskundige Geletterdheid
Rekeningkunde
Besigheidstudies
Verbruikerstudies
IGO
Geografie
Lewenswetenskappe
Fisiese Wetenskap

M) GRAAD 11-PRESTASIE/EERSTE KWARTAAL
Ons graad-11 groep bestaan uit 245 leerders.

| | Aantal leerders |
|---|---|
| 80% - 99,99% | 27 |
| 70% - 79,99% | 59 |
| 60% - 69,99% | 75 |
| 50% - 59,99% | 57 |
| Gemiddelde % per leerder | 64 |

Uit die een en twintig vakke wat ons aanbied, het een van hierdie vakke 'n 80%-gemiddeld en hoër. Die vak is:
Musiek

Uit die een en twintig vakke wat ons aanbied, het twee van hierdie vakke 'n 70%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Lewensoriëntering
Rekeningkunde

Uit die een en twintig vakke wat ons aanbied, het twaalf van hierdie vakke 'n 60% gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Afrikaans Huistaal
Engels Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Geskiedenis
Wiskundige Geletterdheid
Rekenaartoepassingstegnologie
Verbruikerstudies
Dramatiese Kunste
IGO
Inligtingstegnologie
Lewenswetenskappe

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

| | Aantal leerders |
|---|---|
| 80% - 99,99% | 37 |
| 70% - 79,99% | 58 |
| 60% - 69,99% | 61 |
| 50% - 59,99% | 47 |
| Gemiddelde % per leerder | 65 |

Uit die een en twintig vakke wat ons aanbied, het vyf van hierdie vakke ‘n 70%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Engels Huistaal
Lewensoriëntering
Rekeningkunde
IGO
Musiek

Uit die een en twintig vakke wat ons aanbied, het tien van hierdie vakke ‘n 60%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Afrikaans Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Wiskunde
Besigheidstudies
Rekenaartoepassingstegnologie
Dramatiese Kunste
Inligtingstegnologie
Fisiese Wetenskappe
Landbouwetenskappe
Visuele Kuns

O) GRAAD 9-PRESTASIE/EERSTE KWARTAAL
Ons graad-9 groep bestaan uit 284 leerders.

| | Aantal leerders |
|---|---|
| 80% - 99,99% | 68 |
| 70% - 79,99% | 65 |
| 60% - 69,99% | 57 |
| 50% - 59,99% | 47 |
| Gemiddelde % per leerder | 67 |

Uit die tien vakke wat ons aanbied, het vyf van hierdie vakke ‘n 70%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Engels Huistaal
Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe
Digitale Tegnologie
Kreatiewe Kunste
Lewensoriëntering

Uit die tien vakke wat ons aanbied, het vier van hierdie vakke 60%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Engels Eerste Addisionele Taal
Wiskunde
Natuurwetenskappe
Sosiale Wetenskappe

P) GRAAD 8-PRESTASIE/EERSTE KWARTAAL
Ons graad-8 groep bestaan uit 291 leerders.

| | Aantal leerders |
|---|---|
| 80% - 99,99% | 49 |
| 70% - 79,99% | 69 |
| 60% - 69,99% | 63 |
| 50% - 59,99% | 59 |
| Gemiddelde % per leerder | 69 |

Uit die tien vakke wat ons aanbied, het een van hierdie vakke ‘n 80%-gemiddeld en hoër. Die vak is:
DigitaleTegnologie

Uit die tien vakke wat ons aanbied, het twee van hierdie vakke ‘n 70%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Kreatiewe Kunste
Lewensoriëntering

Uit die tien vakke wat ons aanbied, het drie van hierdie vakke ‘n 60%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Afrikaans Huistaal
Engels Huistaal
Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe

Q) TOP 20
Die top twintig word as volg bereken:

Graad 8 tot 12
Die totaal van alle vakke word in ag geneem. Die leerder moes egter alle vakke voltooi het.

Baie geluk aan die volgende leerders wat pragtig presteer het om die top 20 klasposisie in elke graad te behaal.

Ek dank u vir u volgehoue ondersteuning. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms van Hoërskool Framesby is blou en goud! Kom ons werk almal saam om dit so te hou.

MARIUS GERMISHUYS
SKOOLHOOF



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# BELANGRIKE DATUMS
## vir volgende week

### Maart

| SATERDAG | SONDAG | MAANDAG |
|---|---|---|
| 29<br>**Rugby:**<br>0/14 Kwagga-Toernooi<br>**09:30 [Transvalia]**<br>0/15 Kwagga-Toernooi<br>**12:30 [Transvalia]**<br>0/16 Paarl Gim-Toernooi<br>**09:30 [Diamantveld]**<br>0/19 A+B Noord-Suid<br>**08:00 O/19A vs Duineveld**<br>**09:30 O/19B vs Duineveld**<br>**Netbal:**<br>Waterkloof<br>0/14,0/15,0/16,0/17,0/19<br>A-spanne<br>**Atletiek:**<br>ASA Jeug en Junior<br>Kampioenskappe<br>(Groenpunt/Kaapstad)<br>**Hokkie:**<br>2de Dogters Framesbyfees (t)<br>1ste Dogters Unionfees<br>(Graaff-Reinet)<br>O/16 Dogters Woodridgefees (w) | 30<br>**Rugby:**<br>0/14 Kwagga-Toernooi [Rusdag]<br>0/15 Kwagga-Toernooi [Rusdag]<br>0/16 Paarl Gim-Toernooi [Rusdag]<br>0/19 A+B Noord-Suid [Rusdag]<br>**Netbal:**<br>Waterkloof 0/14,0/15,0/16,0/17,0/19<br>A-spanne<br>**Hokkie:**<br>1ste Dogters Unionfees<br>(Graaff-Reinet)<br>06:00 1ste Seuns vertrek na<br>Paarlfees<br>O/16 Dogters Woodridgefees (w) | 31<br>**Rugby:**<br>0/14 Kwagga-Toernooi<br>**Wedstryddag**<br>0/15 Kwagga-Toernooi<br>**Wedstryddag**<br>0/16 Paarl Gim-Toernooi<br>**14:30 [Afrikaans Hoër]**<br>0/19A+B Noord-Suid [Rusdag]<br>**Netbal:**<br>Waterkloof 0/14,0/15, 0/16,0/17,0/19<br>A-spanne<br>**Hokkie:**<br>1ste Dogters Unionfees<br>(Graaff-Reinet)<br>1ste Seuns Paarlfees<br>O/16 Dogters Woodridgefees (w) |

Pierre de Ridder

# BELANGRIKE DATUMS
## *vir volgende week*
## *April*

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1<br>**Rugby:**<br>0/14 Kwagga-Toernooi [Rusdag]<br>0/15 Kwagga-Toernooi [Rusdag]<br>0/16 Paarl Gim-Toernooi [Rusdag]<br>0/19A+B Noord-Suid<br>**12:00 0/19A vs Diamantveld**<br>**09:00 0/19B vs Diamantveld**<br>Noord-Suid spelers keer terug<br>**Hokkie:**<br>1ste Seuns - Paarlfees (w)<br>**Netbal:**<br>Waterkloof 0/14,0/15,<br>0/16,0/17,0/19<br>A-spanne<br>Waterkloof spelers keer terug | 2<br>**Atletiek:**<br>SA Skole Kampioenskappe<br>(Bloemfontein)<br>**Hokkie:**<br>1ste Seuns - Paarlfees (w)<br>**Rugby:**<br>0/14 Kwagga-Toernooi<br>**Wedstryddag**<br>0/15 Kwagga-Toernooi<br>**Wedstryddag**<br>0/16 Paarl Gim-Toernooi<br>**11:45 [Durbanville]**<br>Rugbyspelers keer terug | 3<br>**Atletiek:**<br>SA Skole Kampioenskappe<br>(Bloemfontein)<br>**Hokkie:**<br>1ste Seuns - Paarlfees (w)<br>Hokkie seuns keer terug | 4<br>**Atletiek:**<br>SA Skole Kampioenskappe<br>(Bloemfontein) | 5<br>**Atletiek:**<br>SA Skole Kampioenskappe<br>(Bloemfontein) |
| 6<br>**Swem:**<br>SA Skole Kampioenskappe<br>(Bloemfontein) | 7<br>**Landloop:**<br>09:00 Proewe [Framesby]<br>**Koor:**<br>12:00 - 16:00 Saamtrek<br>[Framesby]<br>**Swem:**<br>SA Skole Kampioenskappe<br>(Bloemfontein) | 8<br>**Skool heropen**<br>Dag 1<br>DH: LOF<br>**BLOEDSKENK**<br>**Oueraand:**<br>18:00-20:00 Gr. 8/9<br>**Swem:**<br>SA Skole Kampioenskappe<br>(Bloemfontein)<br>**Personeelvergadering:**<br>14:00 - 15:30 [Saal] | 9<br>Dag 2<br>**Netbal:** Sone proewe<br>(Framesby)<br>**Oueraand:**<br>18:00-20:00 Gr. 10/11/12<br>**Swem:**<br>SA Senior Kampioenskappe<br>(PE) | 10<br>Dag 3<br>**Fruk:**<br>18:30 Bingo-aand [Saal]<br>**English Debating:**<br>Juniors (1ste rondte)<br>Seniors (Finaal)<br>**Netbal:**<br>Curro Westbrook C-spanne (w)<br>**Swem:**<br>SA Senior Kampioenskappe (PE)<br>Vakhoofdevergadering (Pouse) | 11<br>Dag 4<br>**Hokkie:**<br>14:30 2de Seuns<br>16C/2de Dogters Westering<br>(t)<br>**Dans:**<br>18:00 Beginner Bash Privaat<br>[Alex]<br>**ATKV:**<br>14:30 - 15:30 Sweepslag -<br>Ontdek my vel<br>**Swem:**<br>SA Senior Kampioenskappe<br>(PE)<br>**Skaak:**<br>Liga<br>**Muurbal:**<br>Liga<br>**Filantrope:**<br>Buurt skoonmaak<br>Lake Farm | 12<br>**Rugby:**<br>Daniel Pienaar (t)<br>**Netbal:**<br>B-F Toernooi (t)<br>**Hokkie:**<br>1ste/0.16A Seuns<br>0.14A+B/0.16A+B/1ste Dogters<br>Westering (t)<br>**Dans:**<br>17:00-19:00 Senior Soireé Privaat<br>(Alex)<br>**Swem:**<br>SA Senior Kampioenskappe (PE) |

# GHOLF

Baie geluk aan die wenner vd Langste Dryfkompetisie by One Golf, 254 Hoofstraat Walmer, Henré Steenekamp. Sy wenafstand was 251m, 2de was Reynard Jansen en 3de Jaco-Louw Stander.




# 10KM padwedloop



SUNRIDGE- GEMEENSKAP 5 KM- EN 10KM-WEDLOPE:22 MAART 2025
Verskeie Framesby-atlete het die afgelope naweek aan die 5km- en 10km-wedlope by Stella Londt deelgeneem. Kylie Vermaak behaal 'n tweede plek in die junior damesafdeling in 'n tyd van 48:19, Jaydene Tee 'n derde plek in 'n tyd van 48:45 en Ilke Wolmarans 'n vierde plek in 'n tyd van 53:37. Niël Kruger behaal 'n vyfde plek in die junior mansafdeling in 'n tyd van 39:57. Baie geluk aan die atlete.

Kylie vermaak het 2de in haar ouderdomsroep met 'n tyd van 48:1 geëindig.

# OOS-KAAPSE JEUGKOOR

Baie geluk aan die volgende leerders wat in die Oos-Kaap Jeugkoor (ECYC) vir 2025 opgeneem is;

- Matthew Grebe – 3 jaar – Tenoor 2
- Janco Meyer – 1 jaar – Sopraan 1
- Catherine Grebe – 1 jaar – Alto 1

Bogenoemde leerders was deel van die Oos-Kaap Jeugkoor (ECYC) wat deelgeneem het aan die Mzanzi Dirigentekonvensie (MCC), aangebied deur die Choral Celebration Network Foundation (CCNF), wat vanaf 14 – 16 Maart 2025 by die Internasionale Konvensiesentrum (CTICC) in Kaapstad plaasgevind het. Die ECYC het suksesvol saamgewerk met die wêreldbekende jeugkoordirigent, Benoit Gauix van België, en die bekende Finse beatboxer, Roxerloops. Tydens hierdie konvensie het hulle 'n spesiale repertoire ingestudeer en uitgevoer wat koormusiek met beatboxing gekombineer het.








SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# BUITESPORT *perdry*

Zandri Stumke het die naweek aan die SANESA qualifier in die Working Hunter afdeling deelgeneem en 'n 1ste plek behaal. Baie geluk!





# KULTUUR: *Coffee and melody*

Dinsdagaand 25 Maart 2025 is ons met die mooiste musiek by ons Coffee and Melody-Musiekkonsert vermaak. Dankie aan me. M Roodt, mev. J Loots en mev. C Coetzer (Kultuurhoof). Hier het die musiekleerders die hartsnare geroer met die mooiste melodieë van 'n klaviersolo tot 'n opgewekte elektriese kitaarstuk. Die gehoor het elke oomblik geniet en met n cappuccino in die hand het ons teruggesit en die talent geniet.









SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

LANDLOOP

# FRAMESBY AFLOS

## 16 APRIL 2025

**BEGIN: FRAMESBY A-VELD**

**14:45 HOËRSKOLE | 15:30 LAERSKOLE**

**AFLOS: 4 ATLETE PER SPAN**

**ELKEEN HARDLOOP 2 KM**

**KOSTE: R180 PER SPAN**

**SLUITINGSDATUM: 11 APRIL 2025**





### PRYSE:

1ste posisie in volgende kategorieë

Hoërskole: seuns, dogters en gemeng

Laerskole: seuns, dogters en gemeng

Hoërskool Framesby

### MEDALJES:

1ste 35 spanne - Hoërskole

1ste 25 spanne - Laerskole

Prysuitdeling: 16:30 by Die Koslik

Gelukkige trekkings tydens prysuitdeling

Klubs en oefengroepe mag deelneem, maar kan slegs medaljes ontvang.

Kontak: Marinda Cronje

083 397 3251

KLINICARE PHARMACIES

STRÖMBECK ATTORNEYS

# ADVERTEER by Framesby

Adverteer jou besigheid. Ons almal kan doen met  goeie reklame.

Hoërskool Framesby bied verskillende advertensiespasie vir jou besigheid om meer voete te waarborg.  Maak gebruik van hierdie unieke en effektiewe geleentheid om jou besigheid, produk of diens te bemark.

Hoërskool Framesby se 2025-wedstryde sal oorheersend tuis plaasvind dus sal u maatskappy baie blootstelling kry.

Dit sal vir Hoërskool Framesby 'n voorreg wees indien u maatskappy met die topskool in die Oos-Kaap wil assosieer.

Raak deel van ons Framesby-advertensiefamilie.

Kontak Hoërskool Framesby vandag!

Yolandi Fourie
Trustbeampte
fos@framesby.co.za
041 360 1257






FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *lede*

## Oudskolier

Mornay Heunis *(matriek 1986)*
Chris Knoetze *(matriek 1988)*
Rinaldo Loftie-Eaton *(matriek 2000)*
Ernst Stapelberg *(matriek 2013)*
Pienaar Agenbag *(matriek 1988)*
Bernard McDonald *(matriek 2016)*
Jacqueline van Heerden *(matriek 1997)*
Louis Gerber *(matriek 1996)*
Rudi Gerber *(matriek 1986)*
Anelle Bailey *(matriek 1994)*
Ryno Lingerfelder *(matriek 1999)*
Tania Crouse *(matriek 1995)*
Jonathan Gardiner *(matriek 2000)*
Morne Barnard *(matriek 1991)*
Gerhard Meiring *(matriek 1998)*
Konrad de Villiers *(matriek 2006)*
Henry Claassen *(matriek 1991)*
Andrè Hough *(matriek 1988)*
Hanlie Potgieter *(matriek 1988)*
Charl De Lange *(matriek 2003)*
Anoniem *(matriek 2009)*
*Anoniem (matriek 1996)*
Lourens Grundling *(matriek 2006)*
Marieta Kemp *(matriek 1973)*
Mariette Geldenhuys *(matriek 2000)*
Conrad Wagener *(matriek 1995)*
Jannie vd Merwe *(matriek 1993)*

## Ouers, Oudouers / Beheerliggaam

Mariaan Botha (ouer)
Karl du Preez (oudouer)
Anél Ferreira (ouer)
Niel Louw (ouer)
Petra Gouws (ouer)
Wynand Wessels (ouer)
Werner Edwin Olivier (ouer)
Masunet Strydom (ouer)
Dirk Kotze (ouer)
Lynette Stumke (ouer)
Hugo Maritz (ouer)
Pietie Ferreira (ouer)
Rayno vd Merwe (ouer)
Eugene de Lange (oudouer)
Henry Benn (ouer)
Yolande Gouws
Johan le Grange (ouer)
Yolandi Fourie (ouer)
Andrè Grundling (ouer)
Zanelda Grundling (ouer)
Johannes Willem Muller (ouer)
Abrie Myburg (ouer)
SP Engelbrecht (ouer)


## Personeel / Oudpersoneel

Marius Germishuys *(skoolhoof)*
Annel Germishuys *(personeel)*

Vorms op ons webtuiste beskikbaar!

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100 *barometer*



# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- SELFOONNOMMER:
- E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

# KLUB 1000/100




## SLUIT AAN
**EN KRY 'N EKSLUSIEWE HOEDJIE WAT JOU GRATIS TOEGANG GEE TYDENS SPORTDAE**

Sluit aan by Framesby se Klub 1000/100 en word deel van 'n skool van uitnemendheid. Na vele navrae van ons alumni is die konsep van dié Klub gebore. Klub 1000/100 gee almal die kans om steeds betrokke te wees by die skool en die blink toekoms daarvan te verseker. Dit maak nie saak of jy nog in Suid-Afrika of oorkant die waters bevind nie. Jy kan 'n bydrae maak!

'n Maandelikse bydrae van R100 kan in die Framesby Opvoedkundige trust gedeponeer word. Hierdie trust word aangewend vir die welstand en vooruitgang van die skool. Die fondse sal deur die Trust bestuur word. Die aanwending van die befondsing sal bepaal word deur die skool en die Trust se komitee. Daar sal elke jaar 'n finansiële verslag deurgegee en geoudit word. Die proses is dus deursugtig en lede kan sien hoe hul skenkings aangewend word.

PROSES OM BY DIE KLUB 1000/100 BETROKKE TE RAAK

1) Laai aansoekvorm van Hoërskool Framesby se webtuiste af.
2) E-pos voltooide vorm na fos@framesby.co.za
3) U naam sal weekliks in die Fakkel-Flitse onder Klub 1000/100 lede verskyn.
4) Hou ons groeiende barometer dop. Dit sal op die voorblad van die Fakkel-Flitse verskyn.

Dankie aan oudleerders, ouers, onderwysers en passievolle ondersteuners vir u bydrae.

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# DIE HANGER

Oortrektrui: R 290
Hokkiekouse : R100
Rugbykouse : R120
Langmouopwarmhempie : R425









CHARNELLE 082 342 8113 - KATRIEN 072 407 0670
CHARNELLE@DIEHANGER.CO.ZA

# DIE HANGER

**PUMA VOORRAAD - AFLEWERING VERTRAAG**

Ons ondervind tans 'n vertraging met die aankoms van ons Puma-voorraad. Ons ontvang egter gereeld nuwe voorraad elke paar dae en deel dit uit sodra dit beskikbaar is.

Ons vra asseblief vir 'n bietjie geduld en verseker julle dat ons daaraan werk om almal se bestellings so gou moontlik uit te gee.

Ons is opreg jammer vir die ongerief en waardeer julle begrip. Binnekort sal almal hul Puma-voorraad hê!

Dankie vir julle samewerking.
Die Hanger-span
Charnelle & Katrien

CHARNELLE 082 342 8113 - KATRIEN 072 407 0670
CHARNELLE@DIEHANGER.CO.ZA


ATKV SWEEPSLAG
Ontdek
JOU VEL!
AANGEBIED DEUR
CHANTELLE COETZER
11 April 2025
om 14:30
Kultuursaal
BRING DIE VOLGENDE SAAM:
• BAKKIE OM GESIG MEE AF TE SPOEL
• KLEIN HANDDOEK


DAGBOEK DIE DATUM
BLOEDSKENK
8 APRIL 2025

FRUK

**HOËRSKOOL FRAMESBY SE RAAD VIR UITVOERENDE KUNSTE BIED AAN**

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

# BINGO -Aand

## 10 April 2025

**HOËRSKOOL FRAMESBY SKOOLSAAL**

**18:30**

# WEN

*Speel groot, Wen groter*

**R100 P.P.**

**(BEDRAG SLUIT IN: 6 X BINGO KAARTJIES)**




**Kaartjies is Beskikbaar by die Algememe kantoor**



# Privaat
## LEERDER BEHUISING
# VIR SEUNS
## BESKIKBAAR

## ALGEMEEN
- 350m vanaf skool (5 minute stap).
- Bestaan uit 2 oopplan semi-privaat slaapkamers (word deur 6 leerders gedeel).


## BLYPLEK
- Elke leerder word voorsien van 'n bed, hangkas en lessenaar.
- Leerders verskaf eie beddegoed, stoel en leeslamp.
- Leerders deel 'n badkamer (tweede badkamer beskikbaar indien nodig).
- Sluit in water, elektrisiteit en hoë spoed internet.

## VERDERE INLIGTING
- Sunridge Village winkelsentrum het 'n wye verskeidenheid winkels om van te kies, insluitend 'n apteek, doktorspreekkamers, haarkapper, Specsavers en vele meer.
- Indien vervoer benodig word kan dit gereël word.
- Swembad is tot leerders se beskikking by tuiste.
- Keuringproses voor toelating.
- Slegs vir seuns verblyf beskikbaar (op die stadium).
- Kontak vir Bennie vir verdere inligting en terms

## KOS
- Etes word nie voorsien nie.
- Kombuis is met 'n stoof, mikrogolf, yskas, ketel, breekware, eetgerei, potte en panne toegerus.
- Middagetes kan by Die Kosblik (skool kafeteria aangekoop word).
- Aandete: blyplek is 200m vanaf Sunridge Village. Winkelsentrum het 'n groot verskeidenheid restaurante sowel as 'n Woolworths, tuisnywerheid en Spar (wat gesonde gekookte kos verkoop).
- Braai geriewe by verblyf is beskikbaar.

## WASGOED
- Leerders is verantwoordelik vir eie wasgoed.
- Wasmasjien, wasgoeddrade en strykplank is beskikbaar.
- «Los en loop» wasgoeddiens is ook by winkelsentrum beskikbaar.

VIR NAVRAE KONTAK: *Bennie* **063 696 3528**




OptiLife
*medical health & wellness*

Tel: 041 450 9454 | www.optilife.co.za

Shop 54 | Sunridge Village Shopping Centre | Kragga Kamma Rd | Sunridge Park

SUNRIDGE VILLAGE